

PRO



VERITATE

IN HIERDIE UITGAWE/IN THIS ISSUE	
★ IS DIT NOG ONS ERNS?	1
★ INCARNATION, CHURCH, MISSION	2
★ EDITORIAL-REDAKSIONEFL	3
★ SKRIFPOORDENKING	3
★ LIBERAL-OMK	4
★ THE ENGLISH REFORMED CHURCHES	4
★ VERLEDE OP AANHOUD	5
★ OP PAD... WAARHEID	6
★ BRIEWE VAN LESERS	7 en 8
★ NEWS OF CHURCHES	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang I. Nr. 8.

Intekengeld R2 Subscription

Dec. 15 Des. 1962

Volume I. No. 8.

By die Hoofkantoor as nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper

Kersfees 1962



New Year 1963

DIE REDAKSIE VAN PRO VERITATE BRING HIERMEE SY BERNWENSE MET KERSFEES AAN AL SY LESERS OOR IN DIE VERSEKERING VAN DIE MOOLSTE VAN ALLE WOORDE, DIE WOORD VAN GOD:

„Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee, en die heerskappy is op sy skouers en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Tredevoers — tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy Koninkryk, om dit te hevestig en dit te versterk deur sy en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid”

• Jes. 9 : 3-6.

THE EDITORIAL COMMITTEE OF PRO VERITATE WISHES TO EXTEND ITS HEARTY GREETINGS TO ALL OUR READERS FOR THE COMING NEW YEAR IN THE WORDS OF ABIDING ASSURANCE OF THE PROPHECY OF OLD:

“How beautiful upon the mountains are the feet of him that bringeth good tidings, that publisheth peace, that bringeth tidings of good, that publisheth salvation, that saith unto Zion, Thy God reigneth” (Isa. 52 : 7)

DUIDELIK sê die Skrif wat 'n verbond met God beteken in Josua 24. Josua herinner sy volk daaraan dat God hulle wonderbaarlik geleidelik het. U't vadere wat ander gode gedien het, het God hulle versamel tot 'n magtige volk (24:2) om vir hulle 'n land te gee waarvan hulle nie gearbel het nie, en stede waarvan hulle nie gebou het nie (24:13). Maar hierdie Genade wat Israel oor die eeue ontvang het, is ook 'n dure verpligting op hulle: hulle moet die Here vrees en Hom dien in opregtheid en waarheid (24:14). Hulle moet kies: „Verwyder die gode wat julle vaders gedien het . . . en dien die Here”, vermaan Josua hulle. „Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders gedien het, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon . . . maar ek en my huis, ons sal die Here dien” (24:14 en 15). Die volk weet ons, het geantwoord „ons sal ook die Here dien, want Hy is onse God.” (24:18). Tog aanvaar Josua dit nie voordat hy hulle weereens vermaan nie, hierdie keer in sterk en onverbiddele woorde. „Julle kan die HERE nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloes God: Hy sal julle oortredinge en julle sondes nie vergewe nie.” (24:19).

So sien ons dat die verbond tussen God en mens plaasvind nie onbegryp ons sondes nie, maar deur die Genade van God ten opsigte van ons sondes; want nie alleen is ons sondig nie, maar ons kan ons verbondverpligtinge nooit verveel nie. Ons staan steeds veroordeel voor God in sy verbond met ons. Ons en ons andere het saam gesindig.

VERBOND VAN GOD BY SINAI

Verul blyk dit duidelik uit die verbond wat God met die natas gesluit het op Sinai. In Eked. 24 lees ons dat Moses en Aäron soom met die oudstes van Israel die heilige berg opgaan op bevel van God om te hoor wat Hy sê in sy verbond met Israel. God, lees ons daar, het nie sy Hand na die uitgesoektes van Israel uitgestrek nie. Tog het hierdie mensse God aanskou, en daarom soom ge-

HIERDIE IS DIE TWEEDE VAN 'N REEKSE VAN DRIE ARTIKELS UIT DIE PEN VAN PROF. D. C. S. OOSTHUIZEN WAT REEDSDAAGS SA. VERSKYN AS DEEL VAN 'N PUBLIKASIE „TUSSEN HAKIES” BY DIE UITGEWERE HUMAN EN ROUSSEAU VAN KAAPSTAD, VAN WIE VERLOF TOT PUBLIKASIE VERKRY IS.

IN DIE DERDE ARTIKEL WAT IN ONSE VOLLENDE UITGAWE VERSKYN, WORD DIE WETVOEG AFGESLUIT MET DIE ANTWOORD OP DRIE VRAE: WATTER VERHOEDENING HET GOD GESTEL? WAT BETEKEN DIE OORWINNING BY JOELDRIVIER? EN WIE HET DEEL DAARAAN?

IS DIT NOG ONS ERNS?

D. C. S. OOSTHUIZEN

oet en gedrink voor die Aangesig van die Here (24 : 12) — om so, soom Jakob en Laban, die herstelling van 'n innige gemoenskap tussen God en mens te gedenk, om die verbond te bevestig wat op grond van God se verordeninge en geboorte tot stand gekom het. (24 : 8). Israel mag alleen ja antwoord op al die woorde wat die Here gesprok het: hulle kan geen voorwaardes stel nie. (24 : 3).

Ook beskou hulle so 'n verbond nie as 'n reg, as die erwe van hulle vadere nie. Hulle is verbaas dat God hulle nie vernietig nie. Versaie voor die onuitspreklike Geheimenis van God word dit vir Israel klaar dat die God wat hier in die verbond verskyn 'n geheel andere is as wat 'n angstige banghart van 'n mens sou verwag of

nie verwag nie. Iets kom hier tot stand wat wonderlik en paradoksaal is vir die natuurlike godsdiens van 'n mens, iets wat Israel ook in sy latere herinneringe steeds met vrees en bewing gedenk. Israel moet veel afler wat hy tot nou toe as die orlewering, as die erwe van die vadere beskou het, en moet ook van nouts af aan die ou lewende dinge oorleer.

Dit is nie dat die volk hier alles verstaan nie: die Wet wat die Here vir sy verbond voorskryf en wat in Eks. 20 saamgevat word, stel siss wat Israel nooit kon verwoed het nie. Selfs later, toe die volk in die woorde van ons doopsformulier, tot sy verstand gekom het, was daar veel wat dit nie wou begryp nie, of kon begryp nie, of wou aanvaar of kon aanvaar nie. Immers daar is 'n heils-

boodskap in die verbond besolte, 'n nuwe manier van saamwoon, wat die volk nie verstaan het nie. Israel moet hier belowe om die verordeninge van die Here te doen met sy hele hart en sy hele siel. (Deut. 26 : 16), omdat die Here vir Israel 'n God is, en Israel vir die Here 'n kindsvolk moet wees. Dan sal die Here vir Israel die hoogste stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof 'n roem en 'n siernad. (Deut. 26 : 19). 'n heilige volk, soom Israel belooft het hy siss wees.

WAT ISRAEL NIE BEGRYP

Dit is juis hierdie uitverkoerenheid deur God as 'n heilige volk wat Israel nie kon of wou

• Vervolg op bladsy 2

IS DIT NOG ONS ERNS?

• Vervolg van bladsy 1.

verstaan nie. Vir Israel het dit beteken die verheerliking van die Joodse volk, die verwesenliking van sy nasionale strewing in hierdie wêreld as 'n aparte volk teenoor andere: die Joodse volk sou nie deur ander volke oorheers of oorspronklik word nie. Wat Israel nie kon begryp nie was dat onderwerping aan die Wet van die Here nie lei tot die verheerliking van die natuurlike mens en sy ideale hier benede nie, maar tot die vernietiging van die natuurlike mens, tot 'n oorwinning oor die sonde.

Die heilstoestand, die vrede, wat die Here vir sy verbonds-volk berei, berus nie op die wêreldse heerskappy van Israel nie, nog in 'n kulturele nog in 'n militêre sin, dit berus op 'n nuwe verbond wat God in en deur sy Seun aan die gelowiges uit alle talle en volke skenk. Dit kon of wou Israel nie aanvaar nie, dat wat die Here van Petrus sê, ook vir hulle sou moes geld: „Voorwaar, Ek sê vir jou . . . wanneer jy oud geword het sal jy jou hande uitsteek . . .

en 'n ander sal jou bring waar jy nie wil wees nie" (Joh. 21 : 18).

Voortdurend is Israel daarom vir sy afvalligheid deur die Profete van God vermaan en veroordeel — en nie altyd omdat hulle die verbond nie ont-hou het nie. Aan die een kant bestraf God hulle omdat hulle in hoogmoed gemeen het dat hulle in staat was om aan die eise van 'n Heilige God te voldoen, dat die geboorte van God die natuurlike besit van elke Jood was, 'n volksgebod wat elke goeie Israeliet as vanselfsprekend sou volg. Die verskriklikheid van die woorde van Josua, dat hulle nie 'n heilige God KAN dien nie, het hulle nie besef nie; en dat daar niemand is wat God soek nie, nie eers uit Israel nie, en dat almal saam afgewyk en ontaard het, Jood en nie-Jood, het hulle nie aanvaar nie. (Rom. 3 : 11 — 12) Alleen 'n nuwe verbond, deur die Genade van God, sou hulle kon red. „Elkeen sal vir sy eie ongeregtigheid sterwe", sê die Here deur Jeremia; maar Jaar kom dae dat Ek die Here met die huis van Israel . . . 'n

nuwe verbond sal maak . . . Ek gee My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees . . . hulle sal my almal ken . . ." (Jer. 31 : 30 — 34). Maar dit sou 'n nuwe Israel wees wat deur die ou Israel vervolg sou word.

Aan die ander kant bestraf God Israel omdat hulle in hoogmoed die verbond wou interpreteer om in te pas by hulle ideale as 'n aparte, vleeslike volk. Maar die verbond van die Here is nie gesluit met 'n volk in 'n wêreldse sin nie, nie met stamgenote na die vlees, soos Paulus dit noem nie. (Rom. 9 : 3). Elke mens wat deur God geroep is, en aan Hom glo behoort tot die waaragtige Israel, Paulus se stamgenote na die Gees al is hy ook 'n Jood, of 'n Griek of 'n Barbaar. Nie die kinders van Abraham na die vlees is dus ISRAEL, die verbondsvolk nie, maar wel die kinders van die belofte (Rom. 9 : 25 — 26). „Nie almal is Israel wat uit Israel is nie"; (Rom. 9 : 6) dit is juis omdat die volk Israel hulle vereenselwig het met die enigste uitverkore volk van God, met die Kerk van God op aarde, dat hulle die sedes van Israel gesien het as die Wet van God,

om so die verbond van God te verwerp. Jesus Christus, die vervulling van die verbond van die Here, is deur die Israel na die vlees gekruisig.

DIE BETEKENIS VAN 'N GELOFTE

As ons dus vra wat dit beteken om 'n Gelofte voor God af te lê en om met die „heilige God van hemel en aarde" 'n verbond te sluit, word die antwoord vir ons duidelik in die Heilige Skrif gegee: ons voorouers het nie sekere voorwaardes aan God gestel waaraan Hy moes voldoen nie. Dit sou godslasterlik wees! Maar ook het hulle nie as „Afrikaners", as stamgenote na die vlees voor die Aangesig van die Here vergader nie. Ook dit sou godslasterlik gewees het. Die Here onse God is geen volksgod nie, maar die heilige God van hemel en aarde. As sondaars en as uitverkorenes van die nuwe Israel na die Gees, moes ons voorouers alleen maar bevestig dat hulle van hulle kant ongeveinsd „ja" antwoord op daardie verbond wat God reeds in Jesus Christus aan alle volke geskenk het.

Duidelik stel Paulus ook dit: „Niemand", sê hy, „word

deur die Wet by God regverdig nie", want, „Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word . . . sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" (Gal. 3 : 11—15). Hierdie verbond, tog, is die finale verbond tussen God en mens. „Selfs 'n mens se testament wat bekragtig is", sê Paulus, „maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie", en dit is hierdie finale testament wat ook ons stamgenote-na-die-vlees as Christene voor God moes bevestig op die vooraand van Bloedrivier. Meer as Josua: „Ek en my huis, ons sal die Here dien", kon hulle nie gesê het nie. As ons dit verwerp, verwerp ons die gelofte van ons voorouers en het ons geen deel aan hulle verbond nie; maar dan verwerp ons ook dié God voor Wie hierdie verbond gesluit is.

Ons mag dus wel vra of hierdie gelofte nog ons erns is: ons moet ons verootmoedig voor God sodat dit vir ons duidelik mag word wat hierdie gelofte vir ons hier in Suid-Afrika inhoud.

• Word Vervolg.

THE INCARNATION, THE CHURCH AND MISSION

— Rev. John de Gruchy —

In his stimulating book "The Gospel of the Incarnation" Professor G. S. Hendry reminds us that "the quest for the reunion of Christendom, within the ecumenical movement, has brought to light the significant fact that the causes of our unhappy divisions are not limited to differences on specific controversial issues, but they include also partialities and deficiencies in the apprehension of the gospel, from which no communion is exempt."¹ In other words, those seriously engaged in true ecumenical encounter should be constantly discovering that the truth of the Word of God is far greater than any one particular apprehension of it. Any communion may rightly claim to have the truth, but none can claim *all* the truth of the Word of God as its sole property. There is a definite "fragmentation of Christian tradition", and we must be prepared to face the fact, and to examine and appreciate theological traditions other than our own, not simply in the light of our own tradition, but in the light of the Holy Scripture.

EASTERN ORTHODOX AND PROTESTANT VIEWS

Ecumenical discussions with theologians from the Churches of Eastern Orthodoxy have shown that the dominant emphasis in their theology is the significance of the Incarnation for the redemption of the world. This is not true of the Church in the West, whether Protestant or Roman, where the dominant emphasis has generally been upon the work of Christ in Atonement. This difference of emphasis suggests that we should be considering afresh the place of the Incarnation in our theology, as indeed many Anglican theologians are already doing. For after all, our Faith is founded upon the belief that "the Word became flesh and dwelt amongst us"; it is an "Incarnational Faith". Indeed, apart from any insight or stimulant from Eastern Orthodoxy, this is sufficient reason to demand that the relevance of the Incarnation should find a more adequate and significant expression in our theology and in our mission.

This does not mean that Protestant theology has no understanding of the Incarnation. But one suspects that Protestants have either been too busy considering the "how" and "why" of the In-

carnation, or else treated it as a means to an end, that they have failed to grasp its particular relevance for the life and mission of the Church. It is certainly true that "if the idea of the incarnation is to retain a secure hold of our minds, we must find its great "raison d'être" in the dread problem created both for God and man by the reality of sin. Because sin had desolated humanity and man must be forgiven if he is to live in God's sight, therefore God became man."² But is the Incarnation to be regarded simply as a prelude to the Cross? No! No more than the Resurrection is to be regarded simply as the epilogue of the Cross. While no aspect of the life and work of Christ can be separated from the other, each aspect should find full expression in our theology.

Roman Catholic theology has related its understanding of the Incarnation to its theology of the Church, with the result that it describes the Church as "the extension of the Incarnation". Reformed theologians find difficulty with this phrase, but it does find favour amongst some Anglican theologians.³ How are we to regard it? The fact that it is not a Biblical phrase should no more worry us than the fact that the word "Trini-

ty" is not to be found in Scripture. What should concern us is whether the truth it suggests is Biblical.

THE CHURCH: NEW TESTAMENT STATEMENTS

In recent years there has been much valuable discussion on the various metaphors used in the New Testament to describe the Church. In particular is this true of the phrase the "Body of Christ", but it is also true of others such as "Bride of Christ", "Temple of the Holy Spirit" and the "Vine and the branches". From these New Testament statements about the Church it is clear that the relationship between Christ and His Church is one both of organic unity and essential difference.

The organic unity between Christ and the Church, clearly seen in the idea of the "Body of Christ" as developed by Paul, is essential for any Biblical understanding of the Church and its mission. Anders Nygren can go so far as to write, "The Church is Christ as he is present among and meets us upon earth after his resurrection."⁴ Emil Brunner reminds us that "the ekklesia is what it is through the presence of Christ dwelling in it",⁵ and Professor D. Cairns tells us "that the Church must not be consid-

ered in any way separate from its Lord, but always thought of as in closest union with Him."⁶

However, this very dependence of the Church on her life-giving union with Christ suggests an essential difference between Christ and the Church. In the Body Christ is Head; in the marriage relationship Christ is bridegroom; in the Temple Christ is the chief corner stone. We cannot separate the Church from Christ, but we must see that Christ is Lord over the Church, that the Church is always in a covenantal as well as organic relationship to Him, and must therefore be obedient to Him and to His Word.

THE EXTENSION OF THE INCARNATION

The phrase "the Extension of the Incarnation" certainly does justice to the organic relationship that does and must exist between Christ and the Church. The danger lies in the fact that it can lead to our neglecting the complementary truth evident in the covenantal relationship. Cairns puts the problem in perspective when he writes, "were the church literally a continuation of the Incarnation, then its actions would automatically and inevitably be the actions of Christ"⁷. This is a position that experience and Scripture will not allow. Indeed, Bishop Newbigin reminds us that "the words, 'ye are the body of Christ' and the words 'ye are yet carnal', were addressed by the same apostle to the same body of men and women. The Living Lord of the Church can say to a Church, 'I know thy works, that thou hast a name that thou livest, and thou art dead.' The Lord Himself can remove the candlestick out of its place."⁸

Having said this, we can nevertheless see that the idea of the "Extension of the Incarnation", when we are aware of its possible dangers,

should lead us into a deeper understanding of the relationship which exists between the Incarnation, the Church and Mission. Bishop Wand defines the Church as the extension of the Incarnation as "the means by which Christ expresses Himself in the world of today."⁹ If the meaning of the phrase is limited to this, then we can have little objection to it, and in fact we will find that it is essentially Biblical. Now taking the definition which Dr. Wand uses, we may rightly say that the Incarnation was the means by which God expressed Himself in the world.

And this should lead us further to see the relationship between the Incarnation and the mission of the Church. For if the Incarnation is God's method of expression in the world, and the Church is God's agent for declaring that Word to the world, then the Church must see its Mission in terms of God's method. In other words, if the Church is going to be the "extension of the Incarnation" she must show in her life the principles involved in the Incarnation of Christ.

First, the Incarnation means the sanctification of the material. "The Word became flesh . . ." There is no mistaking what that means. It cannot be spiritualised because it speaks about the very opposite thing. There is no longer a "sacred" realm and a "secular" realm in the world; a realm belonging to the spirit, and a realm belonging to the material. The Christian is called upon to treat his body with respect, because it is the shrine of the indwelling Holy Spirit.¹⁰

The Christian is required to give as much attention to the material needs of men as he is to the spiritual needs of men.¹¹ Indeed, "the Incarnation of the Son of God claims the Kingdom for God over the whole of human life."¹²

• Cont. on page 6

PRO VERITATE

Editorial

THE CHALLENGE TO THE MINISTRY

Every year hundreds of young men are leaving the theological training schools of their churches to dedicate themselves to the ministry of the Gospel. We are thankful not only for the numbers but also for the sound theological training supplied as a necessary contribution to the effective proclamation of the Gospel to all the peoples of South Africa. Never before has the challenge been stronger for the full and fearless proclamation of the whole Gospel to the whole world. And this does not only imply the message of personal salvation of souls in a spirit of sincere piety, but clearly includes the salvation of the whole man in his whole life. As never before the contents of Scripture must be brought to bear upon life in all its relations if we expect the world of our day to give attention to what we have to say.

This challenge to an effective ministry can only be met if all ministers are willing to acknowledge that they need the best thorough Scriptural knowledge which is being continually refreshed by regular study, no worthwhile witness is possible. That is one of the many reasons why refresher courses for both tutors and ministers are to be welcomed and to be wholeheartedly supported.

A second requirement, however, is the endowment of the Spirit of God without which no vision and no motivating power is possible. It is only when the Spirit of God fills our whole being, mind, will and heart, that we receive the inner moral courage to speak the truth in love in such a way that hearts are changed and new insight gained.

What our ministry also needs urgently, however, is a forthright and fearless application of the truths of the Gospel in all spheres of human activity: social, political, economic, educational apart from the personal. A personal evangelism which has no social dynamic is a crippled Gospel. The explanation of Scriptural truths in general vague terms without specific application to concrete situations does not make any impact. What we need desperately is a prophetic witness with a willingness to prophetic suffering when we step out to speak up with the clarion call: "Thus saith the Lord".

Redaksioneel

KOSBARE TWEELINGWOORD

Die woorde „vrede“ en „geregtigheid“ is onlosmaklik saamverweef met die voorspelling van Christus se koms na die wêreld. Hoewel ons reeds in die Psalms iets van die klank vernem, is dit by uitstek die profeet Jesaja wat keer op keer die koms van Christus aankondig as die glorieryke openbaring van beide vrede en geregtigheid (Jes. 32 : 17, 48 : 18, 53 : 5, 54 : 13 en 14, 60 : 17). Vir hom is hulle tweelingbroers, gesamentlike vrug van Christus se verskyning in hierdie wêreld.

Die aard van hierdie vrede en geregtigheid is in die eerste plek geleë in Christus self: die vrede wat Hy vir ons verwerf het by God en die geregtigheid wat God deur Hom aan ons geskenk het en vir ons toegereken word. Dis deel van die genadegawe vanuit die hoogte.

Juis omdat die geskenk so kosbaar is, is dit so noodsaaklik dat elke Christen, veral in die kerstyd, homself sal afvra: „Verstaan ek wel hierdie sy van Christus se koms? En gee ek uitdrukking daaraan op so 'n manier dat die wêreld dit ook verstaan?“ Of moet ons in skaamte erken dat ons Kersviering vervloei het tot 'n eindelose stroom van Kerskaarte met minseggende „goeie wense“, van selfgenoegsame familiebyeenkomste en oppervlakkige Kerspartye? Moet die boodskap van die Christen en die Kerk in hierdie tyd nie juis die kern van sy koms vertolk — naamlik die ewige vrede en geregtigheid van God wat sy Seun onder mense kom Indra nie?

Die vraag is nou: maak ons genoeg erns met die toepassing van hierdie waarhede in die onderlinge verhoudinge van mens en mens, groep en groep? Is ons bereid om tot die uiterste te gaan in ons nastrewe en uitlewing van ware vrede en volle geregtigheid? Is die klag van God in Maleagi 2 teen die priesteramp nie juis dit dat hulle nie genoeg erns gemaak het met die boodskap van vrede en geregtigheid nie? Kan ons met 'n rein gewete voor God getuig dat ons as Christene en kerke alles in ons vermoë doen om vrede en geregtigheid te verkry oral daar waar onvrede heers en waar onreg seëvier?

Mooiklinkende teologiese toesprake is nie genoeg: as die kerk van Christus in Suid-Afrika nie 'n meer konsekwente getuie van Christelike vrede en geregtigheid verkondig en deur die daad bevestig nie, sal die wêreld bly twyfel aan die genoegsaamheid van die Evangelie. Mag ons gedagtes oor die Kerstyd die woord van Jesaja tot diepere waarheid maak!

NIE OM TE VEROORDEEL NIE

WANT GOD HET SY SEUN IN DIE WÊRELD GESTUUR NIE OM DIE WÊRELD TE VEROORDEEL NIE, MAAR DAT DIE WÊRELD DEUR HOM GEKED KAN WORD. — Joh. 3 : 17.

In een van sy jongste werke beskryf Walter Lüthi sy gewaarwordinge tydens 'n kersprogram in een van die liefdadigheids-inrigtings wat staats 'n onderdak bied vir die uitgeworpenes en boemelaars van die stad. Een van die besoekers was baie naak en het feitlik die hele program deur geslaap. Naderhand het hy kliphard begin snork, maar sy kamerade het hom met verbasende gelatenheid met rus gelaat. 'n Ander het in die middel van die toespraak opgevoel, sy wys na die tafel gebal en gestreus: „As die vent daar voor nie nou sy mond hou nie, slaat ek hom toe“. Teen die einde van die aand het iemand Stille Nag ingesit. Toe hulle aan die einde van die tweede vers kom, het 'n surygsame onbekende oor die eettafel geroep: „Herhaal bietjie weer: Juis, die Redder is daar!“

Een van die dae sal ons weer Kersfees vier wanneer ons met ons kinders saam rondom 'n stralende boom sal vergader en aan mekaar presente uitdeel. Of ons sal rondom 'n swaargelaande tafel aansit met groot lawaai en lawwe boedjies op die kop. Sal ons dan weet, sal ons temidde van al die lawaai en opgewondenheid onthou waarom dit gaan met Kersfees? Christus die Redder is daar! Moet n' mens eers ellendig en uitgeworpe wees voordat jy die sin van Kersfees kan verstaan, voordat die troos van die Kersboodskap dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Salmaker wat Christus die Here is, in jou bange hart weerklank kan vind? Miskien is dit so, maar eintlik is die waarheid dit dat ek moet beseef dat ek ellendig en uitgeworpe is. Want dit is hoe ek in die oë van God daar uitsien, hoeveel sekuriteit en aansien ek ookal mag geniet. Dit is hoe God die wêreld sien.

En nou is dit juis die troos van Kersfees dat God besluit het om eindelijk hierdie arme siek en verlore wêreld genadig te wees, om nie die wêreld te veroordeel nie, maar te red.

In sy beroemde skildery oor die laaste oordeel stel Michelangelo die Seun van God voor as 'n sterk atletiese figuur met 'n opgebefde hand wat elkeen wat dit waag om na by Hom te kom, weerslaan.

Iets van hierdie gesindheid het ook geleef in die Messiasverwachting van die Joodse volk, wat wel 'n verlosser verwag het, maar dan een wat met 'n verskriklike strafgerig al die vyande van die volk sou vertrap. En juis daarom was Jesus van Nasareth 'n bittere aansluit vir sy volk. 'n Oog wat nie syk en 'n arm wat 'n slag kan slaan, het nog altyd tot ons mense in 'n duidelike en aanvaarder taal gespreek.

Maar dit is nie waarvoor God sy Seun na die wêreld gestuur het nie, maar om te red, om onder tollenaars en sondaars sy vriende te soek. Vir hulle wat siek is, het die Geneesheer gekom. Daarom het Hy vir die wêreld gekom. Om in sy teenwoordigheid gesond te wees, is om sy redding mis te loop. Maar ons wil ons nie so voordoen nie, want ons is siek, die wêreld is siek, tot

sterwenstoe siek. Ons is die bedelaars en uitgeworpenes. En die wondergenade van Kersfees bestam daarin dat God ons nie wil neerslaan of vertrap nie, soos ons in alle billikheid kan verwag nie, maar dat Hy ons genadig is, dat Hy Hom oor ons ontferm, dat Hy sy Seun in die wêreld gestuur het, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Eindelik het die wêreld 'n Redder gekry, ons arme sondaars sonder uitsondering en sonder aansien van die persoon. Ook hierdie Kersfees wil vir ons sê: „Christus die Redder is daar!“ Dit is die troos waaruit ons kan lewe en waarin ons kan sterwe.

Maar as ons nou uit hierdie troos lewe, dan moet daar ook iets van die glans van Kersfees uit ons lewe op die wêreld begin skyn. Kersfees is 'n gemeenskapsfees. Net soos wat dit by die Nagmaal klink: „Vir julle gebreek“, so klink dit by Kersfees: „Vir julle gebore“. Daarom is dit dat ons met Kersfees mekaar moet vind oor al die afgronde en kloue been wat deur ons gemeenskap skeur. Die Heiland is nie vir my gebore nie, maar vir ons. Kersfees bring ons onontwykbaar voor ons naaste te staan en ons sal uit die beklemming daarvan wil loskom met die ou-ou sistap: „en wie is my naaste?“

In die oorspronklike beteken die woord „veroordeel“ onderskeid maak, diskrimineer, uitsluit. Die Woord sê God het sy Seun nie hiervoor in die wêreld gestuur nie. Nee, Hy het gekom as die Redder van die wêreld, nie om uit te sonder of onderskeid te maak of te diskrimineer nie, maar om sy verlossende genade by almal te bring, by die wêreld sonder uitsondering — anders sou ons geen troos gehad het nie.

Maar is dit nie juis hierdie dinge wat ons gemeenskap verskeur nie? Die veroordeling, die uitsluiting? Is dit nie daarom so bitter nodig dat dit in ons stormgeteisterde gemeenskap weer in der waarheid Kersfees sal word nie? En sal bly nie?

Wie uit die Kerstroos lewe, kan nie meer haat of uitsluit nie. Hy kan net liefde met die ontferming van Christus Jesus.

Tweeduusend jaar gelede is Jesus Christus in die stal van Betlehem gebore — en nog is die wêreld siek en verskeur. Nou is dit waar dat Christus nêrens beloof het dat Hy gekom het om die wêreld te verander nie. Nee, Hy het gekom om die wêreld te red. Sedert die nag in die stal het hierdie verlore wêreld 'n Redder, 'n Heiland. En hulle wat in Hom hulle enigste troos in lewe en in sterwe gevind het, is dit aan die wêreld verskuldig om deur woord en daad die draers te wees van die heilsboodskap. Tot hulle kom die sugtende versoek uit al die verstote en eensame en bedompige gange van hierdie wêreld: „Herhaal bietjie weer: Christus die Redder is daar!“

Here, u liefde vergaan nimmermeer. Laat u liefde ook deur my sondaarshart heen die wêreld inskyn“.

Amen.
W.J.C.

Metodiste Kerk in Nigerië word selfstandig

Die selfstandigverklaring van die Metodiste Kerk in Nigerië is in Lagos feestelik gevier verklaar Ecumenical Press Service van 12 Oktober 1962.

In 'n gelukwensing aan die kerk gerig, het Sir Francis Ibiem, goewerneur van Oos-Nigerië en een van die voorsitters van die Wêreldraad van Kerke, sy waardering uitgespreek vir die honderde sendelinge wat die weg gebaan het vir die onafhanklikwording van die Metodiste Kerk, maar hy het beklemtoon dat die kerk slegs diep wortel in die bodem van Nigerië kon skiet, as dit volkome onder beheer van die inboorlinge staan. Hy het daarby gevoeg dat hy geensins daarmee te kenne wou gee dat die vriende van oorsee heelte-

mal moet padgee nie, want ons is almal „medearbeiders van God“. Daar is egter voldoende bewyse gelewer dat die Metodis van Nigerië ongetwyfeld bekwaam en bevoeg is om die leiding te aanvaar en hom ernstig en vasbeslote te wy aan die geweldige taak om die evangelie van Christus verder in Nigerië en tot aan die uiterste eindes van die aarde te versprei.

„Inter Nos
November 1962.

LIBERALISME

Begrip en Wanbegrip

— Dr. André Hugo

Die adjektief liberalisties het geen gunstige klank nie. Watter adjektief op -isties het dit? Maar die adjektief liberaal is een van die mooiste woorde wat ek ken, nie alleen in sy klank nie, maar ook in sy betekenis.

Waarom is ons as Afrikaers tog so bang vir hierdie woord? As iemand met ons praat van „liberaal“, dan dink ons dadelik aan dinge soos die „liberale teologie“ van die 19de eeu, en die „liberale“ natuurle-politiek van die Britse regering in Suid-Afrika, ook in die 19de eeu: die politiek wat ons ou Transvaalse Patriot laat uitroep het:

„Weg met die slegte Jingo-
klike,
Van Exeter Hall na Mosambiek!“

POSITIEWE VRUGTE VAN LIBERALE POLITIEK

Dan vergeet ons egter (of anders het ons dit nog nooit eens beseef nie) dat dit dieselfde liberale politiek was wat die Kaapkolonie vanaf 1825 'n gesonde konstitusionele ontwikkeling laat deurmaak het; wat in 1827 reeds aan die Kaapkolonie 'n Charter of Justice gegee het, wat aan elke individu, ongeag kleur of ras, gelyke behandeling voor die regbank verseker het — 'n elementêre beginsel van die demokrasie wat in die Transvaalse Grondwet met soveel woorde afgewys is; wat aan die hele Suid-Afrika ontwikkelingskanse gebied het soos in die ou Kompanjies tyd eenvoudig ongekend was; wat aan die Transvaal sy onafhanklikheid in 1881, en in 1906 sy selfbestuur geskenk het, ens. Kortom, as 'n mens die geskiedenis van ons land nagaan dan kom jy tot die slotsom dat ons aan die veeligesmaede liberale politiek van die 19de eeu oneindig veel verskuldig is.

As die naam van William E. Gladstone vandag nog, na twee generasies, 'n aangename klank in Afrikaner-ore het, dan is dit omdat hy liberaal was, liberaal in die allerbeste sin van die woord, as synde 'n man aan wie niks mensliks vreemd was nie: 'n man wat geglo het dat die krag van die Evangelie wat hy bely het, ook sigbaar moes wees in die wette wat hy deur die Parlement geloods het; 'n man wat self die vryheid (libertas) hoog gewaardeer het, en daarom ook graag aan ander dieselfde vryheid gegun het. Dit is enkele van die dinge wat ek verstaan onder die woord liberalisme; en hoe vérskiet ons vandag in hierdie land, waar ons self die volledige mag in hande het, aan hierdie eenvoudige paar mantstave te kort!

Die liberale politiek van die 19de eeu, in Brittanje en aan die Kaap (ek dink nan manne soos Schreiner, Hofmeyr en Merriman) was manne wat ní gedink het in terme van een klas, een groep, of een volk alleen nie. Hulle het hul verantwoordelikhed breed opgevat, en die „kuns van die moontlike“ tot aan die uiterste grense van wat moontlik was, probeer oefen. Kan ons in alle opregtheid verklaar dat dit ook vandag nog ons standpunt en ons ideaal is?

Dit is ontstellend om te bemark hoe dikwels in die jongste

tyd allerlei begrippe soos persoonlike vryheid, die waardigheid van die individu, die regte van die onderdaan en dies meer, geringskattend verkleiner word as begrippe en terme wat eintlik nie tuishoort in die woordeskat en geestesgoed van die regte Afrikaner nie.

Die oomblik wanneer 'n mens geringskattend gepraat het oor die vryheid, die regte of die persoon van 'n ander, het jy die eerste stap gedoen in die rigting van die vernietiging van jou eie vryheid, en die vernedering van jou eie persoon.

MISBRUIK VAN BEGRIPPE

Sodra daar, in billike reaksie op die een of ander gebeurtenis, gepraat word van 'n aantasting van die waardigheid van die individu, of van 'n onregmatige inbreuk op die persoonlike vryheid, dan kom die antwoord in volle koor: „Dit is liberalistiese geswets! Dit is sieklike humanisme! Dit is moderne gelykheidskultus!“, ens. ens. — u ken die rympte. Dat daar vandag 'n liberalisme is wat enkel bandeloosheid voorstaan (Psalm 2), dat daar 'n humanisme is wat nie anders as sieklike en ontaard genoem kan word nie (Rom. 1 : 25), en dat daar 'n gelykheidskultus bestaan wat alle verskille, ook die mees natuurlike, sou wil uitwis — dit kan seker nie ontken word nie. Daar is inderdaad sulke dinge in die wêreld om ons heen. Maar die misbruik van 'n begrip hef die regmatige gebruik daarvan nie op nie. Abusio non tollit usum.

En ek kan my niks noodlottigers voorstel as hierdie reaksionêre, anti-liberale gees wat skynbaar al hoe meer onder ons mense begin posvat nie: die gees wat, uit pure reaksie teen wetteloosheid, die vryheid self wil geringskat; wat uit reaksie teen 'n verdwaalde humanisme alle humanisme, ja in baie gevalle selfs die eenvoudigste menslikheid nie meer wil erken nie; die gees wat in reaksie teen 'n oordrewe gelykheidskultus (soos byv. onder die Afro-Asiatiese heethoofde) elke strewe na 'n groter en billiker mate van gelykheid, veral binne ons eie landpale, sonder meer wil teëgaan.

„LIBERALISME“ IN DIE KERK

Van die kant van ons Afrikaanse kerke word baie maklik aan die Engelsprekende kerke in hierdie land die verwyt gemaak dat hulle „liberalisties“ sou wees, veral insake hul siening van die nie-blanke. Toe die Metodistekerk van Suid-Afrika aan die begin van hierdie jaar (Maart 1962) in 'n omsendbrief hom sterk uitgespreek het teen apartheid as lewenspatroon, onder meer omdat dit deur die bevordering van sommige bo ander nie soort verwaandheid sou kweek wat die Here veroordeel het — 'n stelling wat myns insiens alermens van alle waarheid ontbloom is — het Die Kerkbode (4 April '62) dadelik hierdie alenswyse bestempel as „liberalistiese gelykshakeling“. Dit

is maar een voorbeeld. Ek wil nie daarop ingaan nie. Alleen sou ek, as liberaal-voelende lidmaat van die N. G. Kerk, die volgende vraag wil stel: Hoe dikwels, en met hoeveel aandrang, het ons Afrikaanse Kerke al in die bresse getree vir die regte en voorregte (indien enige), vir die waardigheid en status van die nie-blanke in Suid-Afrika?

Het ons enige belangstelling getoon vir die gevoelens van ons gekleurde lidmate wat die voorwerpe was — en nog daagliks is — van die tallose wette wat deur ons vir hulle gemaak is en nog steeds gemaak word? Het ons ons ooit regtig afgeva hoe hulle dit sien en, wat heelwat meer is, hoe hulle dit daagliks ervaar en ondergaan? Het ons ooit as Kerk daarby stilgestaan, en ag geslaan op hulle uitinge? Alleen wanneer ons dit wél gedoen het, en voortdurend gedoen het, kan ons enige reg hê om ander Kerke te beskuldig van 'n misplaaste of oordrewe belangstelling in die lot van die nie-blanke.

REAKSIE VAN NIE-BLANKE LIDMATE

Alleen wanneer ons dit gedoen het. En ek vrees 'n mens kan sonder meer, sonder vrees vir teespraak verklaar: Ons het dit nie gedoen nie. Daardie „liberalistiese“ besorgdheid oor die lot van jou naaste, daardie „humanistiese“ belangstelling in die gevoelens van 'n minderbevoorregte, het ons as Kerk — ek spreek nie van individue en verenigings

nie — aan ander oorgelaat, met name aan die Engelsprekende Kerke van Suid-Afrika. Geen wonder dat die kleurlinglidmate van die N. G. Kerk in die Kaapse Skiereiland (waar verreweg die grootste konsentrasie van kleurlinge in ons land woonagtig is) vandag uitgelaag word wanneer hulle nog durf bely dat hulle aan die „Dutch Reformed Church“ behoort nie. Geen wonder dat groot getalle van hulle by ander kerke aansluit nie. 'n Moeder wat versuim om in die bresse te tree vir haar kinders, moet nie verbaas wees wanneer die kinders ten slotte, al is dit met smart, hul intrek by ander gaan neem nie. Dit is die prys wat ons as N. G. Kerk tans betaal vir ons luukse-afkeer van alle „liberalisme“. Dit is déél van die prys.

Daar is, met my wete, niemand wat vandag in ons Afrikaanse kerke openlik propaganda probeer maak vir óf liberalisme óf humanisme nie.

En tog word ons oorstroom met waarskuwings teen die humanisme en die liberalisme. Dit is veelseggend; en wat nog meer sê, is die feit dat hierdie waarskuwings ook altyd net uit één hoek kom, en vrywel sonder uitsondering op één saak betrek word. Wanneer ek dit bemerk, dan weet ek een ding, en dit is, dat dit die sekerste bewys is van 'n algemene tekort aan humanisme en liberalisme van die beste soort, nie alleen by diegene wat so anti-liberaal is nie, maar by ons almal. Ek wil dit herhaal: dit is my oortuiging (en ek wil dit hier gee vir wat dit werd is), dat ons Afrikaanse kerke in hierdie land — ek kan nie vir die Engelse kerke spreek nie — nie gevaar loop van 'n te veel van liberalisme en humanisme nie, maar van 'n te min. Ons het méér daarvan nodig, nie minder nie.

DIE WARE LIBERALISME EN HUMANISME

Op hierdie stadium sal dit dan seker nodig wees om duidelik uit te spreek wat ek sou wil verstaan onder „die beste soort van liberalisme en huma-

nisme“. Dit is nooit maklik om so 'n vraag in kort begrip te beantwoord nie, maar ek dink die hervormer van Wittenberg het dit reeds in klassieke beoordinge vir ons almal voorgesê. In sy traktaat Von der Freiheit eines Christenmenschen het hy geskryf:

„Wie 'n slaaf van Jesus Christus geword het, is 'n vrye heer oor alle dinge, en aan geen mens onderdanig nie, deur die geloof.“

Dit is wat ek verstaan onder die liberalisme van 'n Christen. Geen „lojaliteitsteologie“ nie! Aan geen mens onderdanig nie, nog aan die besluite, insettinge, of goeie dinge van mense! Geen voetval voor die owerheid, en geen „volksverbondenheid“ ten koste van die onverkorte Evangelie nie!

Maar dan voeg Maarten Luther nog iets daaraan toe, waarsonder hierdie vryheid nie volmaak sou wees nie.

„'n Christenmens is 'n kneg van alle dinge en aan alle mense onderdanig, deur die liefde“.

Dit is wat ek verstaan onder die humanisme van 'n Christen. Dit is 'n humaniteit wat nie net breed genoeg is om my „aan alle mense onderdanig“ te maak nie, om my „teenoor alle mense 'n skuldenaar“ te maak nie, maar wat in die eerste plek geïnspireer en gedra word deur die diepe menslikheid, die goddelike menslikheid, van die Evangelie. Daarom geen gepraat oor „blankedom“, en „handhawing van die volksee“ (hoe dierbaar dit op sigself ook vir my is nie), maar diens, diens, diens. En daadwerklike begaan wees, juis in die eerste plek met die „ander“. Geen beklemtoning van die „grense“ wat skeiding maak nie, maar inteeendeel juis van die bande wat verbind. Geen krampagtige regverdiging van dinge wat klaarblyklik verkeerd, onmenslik, onchristelik is nie, maar 'n daaglikse strewe na daardie gesindheid „wat ook in Christus Jesus was“.

(slot)

The Dutch Reformed Churches — as they appear to a friend

(Part Two) Rev. Robert Orr.

Said Reinhold Niebuhr "I make no apology for being critical of what I love." The writer must make clear at the beginning that he has a deep and abiding respect for the Dutch Reformed Churches and a deep brotherly love for the ministers and laymen of those Churches. The previous article in this series tried to point out the things where these Churches set the example for us in the English-speaking Churches.

Could we not leave it at that? It seems ungracious to go on to say things that may hurt. Yet the attempt must be made to "speak the truth in love", and, in a spirit of love the writer must point out that many things in the life and practice of the Dutch Reformed Churches make us uneasy and afraid — for the Gospel. Readers will bear in mind that the writer speaks as an "outsider", and that he would be happy to be proved wrong on what follows.

THE MINISTER

May I dare to begin with the status of the minister? To many of us the minister in the average congregation appears, as the saying goes, to be „a little tin god“ to his people.

We cannot help feeling that your ministers have too much authority and authority of the wrong kind. True, a minister must have some authority, but one remembers the words of Jesus Christ "... whoever wants to be great must be your servant..." Surely the authority of the minister is that of the servant, servant of God, servant of his Word, servant, in love, of God's people? But when one speaks with laymen of the Church, one gets the impression that the dominant note in the minister's authority is that of fear, that his people too often go in fear and trembling of him.

To us, there are two things wrong with this. First, it is difficult, under such circum-

stances, to build up an intimate, friendly, pastoral relationship with members. It would appear that members are always on their guard when the minister calls, always on their "best behaviour", fearful lest his inquisitorial eye will trap them in some offence. Secondly, it would appear to be very difficult to disagree with the minister who clothes himself with such authority. Our attitude (is it wrong?) is rather that the minister is just as much a sinner as anybody else, also stands under the judgment of God, and may have the judgment of God come to him through the concerned and constructive criticism of a layman.

THE MINISTER AND THE WORD

Most Churches train their ministers to interpret the Word of God as that Word addresses us through the Scriptures. Yet recent discoveries in methods of Bible study have shown that it is possible for the minister to stand between his people and the Word, to force his interpretation of the Word on his people, instead of letting them come face to face with the Scriptures themselves.

This is, of course, a very real danger in other Churches as well, but the impression is

• Cont. on page 5

HIERDIE tyd van die jaar word daar gewoonlik baie klem gelê op die goeie verhoudings wat tussen mense moet bestaan. Dit moet natuurlik dwarsdeur die jaar, dag aan dag, geskied maar in die kers-tyd word 'n besondere aanleiding daartoe gevind in die engelied van Lukas 2 : 14.

Die vrede waarvan hier gepraat word, sien egter nie op die verhouding tussen mense nie. Daarvoor was die koms van Christus nie vernamlik bestem nie. Hy het dan ook by herhaling verklaar: „Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, juis net verdeeldheid” (Lukas 12 : 51). „Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te werp nie; Ek het nie gekom om vrede te werp nie maar die swaard” (Matth. 10 : 34). Dit gaan in die lied van die engele dan nie om die onderlinge vrede tussen mense nie.

Die Afrikaanse Bybel is vertaal van 'n tekslesing wat nie die beste is nie.) Daarvolgens bestaan die teks uit drie versdele:

„Eer aan God in die hoogste hemele
en vrede op aarde.

in die mense 'n welbehag.”
Hiervolgens sou die laaste sinsede dan kan beteken dat deur die geboorte van Jesus duidelik word dat God in die mensheid as sodanig sy welbehag openbaar. Ons weet nou egter dat die teks uit twee vershelftes bestaan wat parallel loop. Ons sal dit so vertaal: „Heerlikheid in die hoogste hemele aan God
en op aarde vrede aan mense van welbehag.”

Die Afrikaanse vertaling wat met „eer” begin, veronderstel dat ons hier met 'n wens te doen het: Mag eer aan God toekom.) Dit is egter 'n uitroep of verkondiging deur die engele.) Ook in vers 9 van die

hoofstuk word dieselfde woord met „heerlikheid” weergegee. Dit is die heerlikheid van God wat in die hemele uitstraal.) Hiermee loop die tweede gedeelte nou ewewydig: „heerlikheid” en „vrede”; „in die hoogste hemele” en „op aarde”; „aan God” en „aan mense van welbehag.” So 'n parallelisme is 'n bekende verskynsel in die Hebreeuse poësie.

Oor die inhoud van hierdie laaste begrip, „welbehag”, het die Protestante nog altyd van die Rooms-Katolieke kerk verskil. Volgens laasgenoemde gaan dit hier oor 'n deug van die mens. Die Vulgata, of Latynse vertaling van Hieronymus, wat in die Roomse kerk gebruik word, het die laaste gedeelte van die sin weergegee as: „en vrede op aarde aan die mense van goeie wil”. Hierdie vertaling word oor die algemeen vandag nog deur die Rooms-Katolieke kerk voorgestaan. God sou sy vrede gee aan die mense van welwillendheid, „men of good will”. Die mens moet darem een of ander goeie hoedanigheid, welwillendheid, besit om die vrede van God deelagtig te word. God sou sy vrede net gee aan diegene wat van goeie wil is. Dit impliseer dan dat die mens darem nog so 'n bietjie goed is op grond waarvan hy die vrede „verdien” en dit bring ons dus by die Roomse leer van die verdienstelike van goeie werke.

Dit kan ons natuurlik nie aanvaar nie want alle mense is geheel en al verdorwe (Romeine 3 : 9-20). In die woorde van die Heidelbergse Kategismus bely ons dat „ons so verdorwe is dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad” (Sondag III). Die Protestante wou die welbehag waarvan hier sprake is dan ook sien as dié van God wat aan die mens bewys word. Dit is die grondelo-

Vrede op aarde

Ds. F. J. Botha

se, genadige en soewereine welgevalle van God in die sin van sy raadsbesluit as vrye en gunstige besluit.) Dit gaan hier oor mense in wie God 'n welbehag het. God gee sy vrede aan hulle in wie Hy 'n welgevalle het, dit wil sê diegene wat Hy uitverkies het. Dat dit die betekenis van die teks is, is in die jongste tyd ook weer opnuut hevestig deur die uitdrukking „seuns van welbehag” wat ons in die Qumran-gekrifte wat naby die Dooie See ontdek is, vind.) Dit het ook betrekking op diegene wat in die welbehag van God deel.

Dit word vandag ook van Rooms-Katolieke kant erken.) Die nuwe Nederlandse vertaling van die Katholieke Bybelstichting het dan ook verlede jaar al vertaal: „en op aarde vrede onder de mensen in wie Hy welbehagen heeft”. Hiervan beweer 'n Rooms-Katolieke skrywer: „Dit benader die tradisionele Protestantse vertaling.” Dit beteken egter nie dat hulle nou heeltemal met die Protestantse standpunt saamgaan nie. Soos die bepaalde lidwoord voor „mensen” in

hulle vertaling aandui, meen hulle dat die behag van God tot al die mense uitgestrek word maar dat net dié met die nodige welwillendheid dit inderdaad deelagtig word. „Dit „behagen” van God strekt zich uit tot alle mensen, evenals de Messias de Verlosser van allen is. Om aan de door God aangeboden vrede deelagtig te worden moet men van goede wil zyn.” In die grondteks kom die bepaalde lidwoord egter nie voor nie en die bedoeling is ook nie dat die vrede van God tot alle mense uitgaan nie. Al word die ander vertaling dus aanvaar, bly Rome nog by sy tradisionele verklaring.

Die vrede waarvan hier gesing word, is dan nie die onderlinge vrede tussen mense nie maar die vrede tussen God en mens. Die sonde is „vyandskap teen God” (Romeine 8 : 7) maar nou het daar weer vrede met God gekom. Die vrede is egter nie die deel van alle mense nie maar net van dié in wie God 'n welgevalle het, dit wil sê die uitverkorenes. Maar hierdie vrede is „op aarde” reeds ons deel.

Die gees en gesindheid van „good will” en welwillendheid onder mense gedurende Kersfees het dus nie direk met hierdie teks verband nie; wel indirek in sover as hy wat met God vrede het ook vrede met sy medemens sal najaag. Hierdie laatste vrede kan egter alleen egeen waaragtig wees as die medemens ook vrede met God het. In hierdie sin is hier tog ook 'n woord oor die onderlinge menslike verhoudinge.

1. Vir 'n bespreking van die tekstudiese probleem verwys ons o.a. na A. Plummer, *The Gospel according to St. Luke (L.C.C.)*, 1942, bl. 59.
2. Vgl. S. Greijdanus, *Het heilig evangelie naar de beschrijving van Lucas, I* (Van Bottenburg), 1940, bl. 115.
3. G. Schrenk in G. Kittel, *Theo-*

logisches Woerterbuch zum Neuen Testament, Zweiter Band, 1935, bl. 747.

4. J. W. Doeve, *De „Ere Gods” in die engelenzang* (Luc. 2: 14), in: *Houlike en Biblia*, twintigste jaargang, nummer 6 (Nov. 1961), bl. 177v. wil die woord wat hier met „heerlikheid” vertaal is, verstaan as „roem”. Dit kan ons nie aanvaar nie.
5. K. H. Rengstorf, *Die Weihnachtserzählung*, in *Festschrift Lilje*, 1959, bl. 15v. wys nog op die verwantskap tussen die begrippe „heerlikheid” en „welbehag” in die grondteks. E. Stauffer, *New Testament Theology*, 1955, bl. 290, noot 462 sê dat die lied die vorm van 'n beurtsang vertoon. Dit is egter nie duidelik hoe die lied gesing was nie. Vgl. W. S. Smith, *Musical aspects of the New Testament*, 1962, bl. 129.
6. G. Schrenk, a.w., bl. 748.
7. Vgl. H. Rusche, „Et in terra pax hominibus bonae voluntatis”, in: *Bibel und Leben*, 2. Jahrgang, Heft 4 (Desember 1961), bl. 230v. Sien die vertaling van die gedeeltes in A. van Selms, *De Rol der Lofprijzingen*, 1957, bl. 54 en 101, asook by I. H. Eybers, *Enkele Opmerkinge oor Lukas 2: 14*, in: *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, deel III, nr. II (Maart 1962), bl. 361. Ongelukkig het ek nie die proefskrif van A. J. G. Dreyer, *An Examination of the possible relation between Luke's infancy narratives and the Qumran Hodayot*, 1962, tot my beskikking gehad nie.
8. H. Rusche, a.w., bl. 231 verklaar, ook met verwysing na Efés. 1:1 — 14 oor die woord „welbehag”: „Sie gelten alle von Gott”.
9. M. de Villiers, *Na 'n Gemeenskaplike Bybel?* in: *Die Brug*, Jg. 10, nr. 5 (Mei 1961), bl. 8.
10. P. J. Cools in *Het Nieuwe Testament van onze Heer Jesus Christus*, 1961, bl. 157.

The Dutch reformed Churches

• Cont. from page 4

strong that in the Dutch Reformed Churches, ministers are reluctant to let their laymen “come to grips” with the Word, fearful of what might happen as a result. To be sure, there is a risk in letting people study the Bible for themselves — as the Roman Church found before and after the Reformation — but it is surely a greater risk to lay down an official line of interpretation as the only true one?

The next points follows on rather naturally from this.

OFFICIAL RESISTANCE TO CRITICISM

Ecclesia reformata semper reformanda. It is very strange then that your well-wishers and friends (to say nothing of your enemies!) believe that the Dutch Reformed Churches, generally speaking, offer very high resistance to criticism and change.

From what one hears it seems to be very dangerous for a member or minister of the Church to state his convictions if they happen to disagree with the formal policy or teaching of the Church. Even where a sizeable body of Synod members, for example, are uneasy about official policy, it appears that they can be and are made to „toe the line” by a small but powerful authority. Again, this kind of “ecclesiastical politics” hampers the work of all the Churches, but the Dutch Reformed Churches seem to us to be especially affected by it.

This rigidity, coupled with

the authoritative status of the minister, as outlined above, leads some of us to a saddening and horrifying thought — for we begin to see some similarity between the power structures of the Dutch Reformed Churches and the Roman Catholic Church!

A QUESTION OF PRIORITIES

Our Lord Jesus was severe with those who “tithe mint and dill and cummin, and have neglected the weightier matters of the law, justice and mercy and faith”, describing them as those who “strain out a gnat and swallow a camel.” Time and time again, one hears of the Dutch Reformed Churches officially deploring and criticising women who wear shorts, those who encourage work on the Lord's Day, those who promote the sale of liquor. Very often a motive for this strong attitude is in what these evils do to human beings — the corruption and degradation of men by alcohol, for example. We appreciate this motive.

Yet it is very strange to us that the Church seems to be so blind to the human suffering caused by some of our laws and policies, like Job Reservation, Race classification, the moving of Africans from the Western Cape, and so on. Here especially the writer would be glad to be proved wrong, but he cannot remember any report of the Dutch Reformed Church moving to prevent such suffering, deploring or criticising the actions which lead to such suffering. Even more alarming is

that the Church does not seem to see the effects on those who administer these policies, and on those who benefit from them — most white people that is.

To live in a country where such things are tolerated makes us callous to human suffering, dries up compassion in us, makes us insensitive to human need.

BROTHER CHRISTIANS

There is no doubt that the Dutch Reformed Churches recognise every baptised person as a fellow-member in Christ. But it hurts and wounds us deeply to see the reluctance of your ministers to join brother Christians in prayer and study and discussion on the burning problems facing the Church in our country. Time and time again we go out of our way to invite your ministers and time and time again we are put off with reasons which sound to us like excuses — that is, if we do receive a reply to our invitations.

This hurts. What have we done wrong? Will your ministers be corrupted by meeting with us? Will they be branded with some kind of offensive label? Do they not want to meet us, have fellowship with us? Then what becomes of Christian love? Often and often our Prime Minister has made appeals for unity. To me the only possible ground of unity is unity in Christ — but we see little desire for it amongst too many Dutch Reformed Churches.

VOLK EN KERK

The most alarming tendency in the Dutch Reformed Churches is, as far as we can

see, the tendency to identify folk and kerk. We realise, with sympathy, the struggle of the Afrikaner to become a nation, and the part played by the Church in giving him a sense of his dignity and value.

But we are terribly impressed by the danger of any close alliance between folk and kerk. Recent lessons of world history have shown us vividly how serious this danger has become in many countries. It distresses us that there is a strong tendency in the Dutch Reformed Churches to overlook or minimise that danger. For example, it seems to be possible for some people to use the phrase “ons Afrikaner godsdiens” without realising

that this is very near to blasphemy.

Let me end as I began: by re-affirming my love and respect for the Dutch Reformed Churches and my longing to see them willing and faithful instruments of God, leading us all into deeper and higher obedience to his will. Let me say only three more things: that some of my own brethren in the ministry rather suspect that I am an “Afrikanerboetie”, that I am painfully aware of faults in my own Church that may be even more glaring than these that I have mentioned, and that I realise how much easier it is to dwell on the sins (or supposed sins) of others rather than on my own.



OP PAD...WAARHEEN?

Dr. J. A. Schutte

Teenoor die leuen van die Kommunisme is daar die waarheid van die Evangelie met sy heerlike vergesigte. Alleen dié kan die wêreld vrymaak, hom red uit die verskriklike ban van sinloosheid, vertwyfeling en onsekerheid, vandie gevoel van frustrasie. Die heersende geestelike vermoedens het hom van die Weste bemeester, omdat vir hulle in baie kringe die God van die Heilige Skrif uit die gesig verdwyn het. Terug dus na die waarheid! Teenoor die revolusie die evangelie! Dié maak die lewe sinvol. Deur die geloof weet ons dat die geskiedenis nie 'n chaotiese verwarring is nie. God is die Handledende daarin, Hy lei die gebeure na die finale, ongebroke vestiging van Sy Ryk, die Dag van die Here. Alles dien ten slotte die glorie van die Hom uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is!

EN ONS?

Die Koninkryk van God se volle, ongebroke verwesenliking lê wel in die toekoms agter die wederkoms van Christus maar sy vernuwende kragte is reeds hier teenwoordig, ook in die hart van die wedergebore mens. Nie verniet het die Heiland aan sy dissipels gesê nie: Die Koninkryk is in julle, en elders: „Dit het naby gekom“. Ons wie se burgerskap in die hemel is, moet anders wees as die wêreld: Christene moet naamlik die beeld van Hom vertoon wat ons oorgebring het uit die duisternis tot die lig. Sy liefde, sy toereidheid tot diens, sy barmhartigheid en nederigheid moet in ons, as lede van sy onverganklike Ryk, gesien word. Ons is die lig van die wêreld, briewe van Christus. Die heiligmaking moet deur God se volk nagejaag word waarsonder niemand God sal sien nie, (Hebr. 12.)

Dit alles word, helaas, deur die Christen van ons tyd dikwels vergeet. Die sukses en sin van ons lewens hier op aarde word in die reël gemeet aan ekonomiese en industriële vooruitgang, aan hoë lewensstand-

daarde, terwyl ons geestelik so verskriklik arm kan wees. Ons skep die indruk by nie-Christelike volkere, ook by nie-blankes in ons vaderland, dat die stoflike by ons vooropgaan. Hulle sien byna niks van ons burgerskap van die Hemelryk, so min van Jesus Christus se onvoorwaardelike, selfopofferende liefde in ons doen en late. Beoefen ons ook altyd geregtigheid teenoor alle mense, ongeag hulle rasverbondenheid? Kortom: kry die nie-Christen by ons iets te sien van die hemelse kragte, die geestelike energieë van die komende Ryk, teenwoordig reeds by ons, in sy eerste lentebloeiensels? Ons verantwoordelikheid is tog so groot! En dan is daar so min goeioedvolle geesdrif vir die Godsryk, so min van die vurige verlange na die komende Koning! Ons word ongetwyfeld in hierdie krisistye opgeroep om ons met dubbele inspanning te gee vir die Hemelryk met al wat ons besit: Met ons geld, ons liefde, ons talente, ons hele persoon. Jesus Christus „die groot Oorwinnaarkoning, lê daar onvoorwaardelik beslag

BLIVE VOORUITSIGTE

Die finale oorwinning lê egter in die Here se beloftes vas. Elke dag bring ons nader aan sy finale triomf. Al gaan beskawings en ryke onder, die geskiedenis beweeg gestadig voort na dié groot doelpunt. Niks kan dit stuit nie. Elke dag roep God ons op tot akale deur nuwe uitdagings. Wee die moedeloses! Wee hulle wat verlam word deur flaeke katastrofes, wat vir die uitverkorene maar net aan die buitekant lê. (Vgl. Rom. 10). Toe Alarik Rome in die jaar 410 verower het, was dit 'n harde slag vir die trotse Romein en vir laasgenoemde se geskiedenisbeeld waarvolgens kultuur en beskawing uitaaltlik deur Rome gedra is. Met Rome se val — dit was die droewige gevolgtrekking — het alles aan geestelike goedere gesterf.

Dit was Augustinus wat die verslae Romeine moes herinner aan die feit dat die geskiedenis nie 'n worsteling was om die behoud van Rome nie, maar 'n stryd tussen die ewige Ryk en die heerskappy uit die aarde. Aardse ryke gaan onder in 'n

ydellike kringloop. Die Koninkryk van God daarenteen is ewig. Augustinus en sy kollegas het gevolglik ondanks die ramp wat Rome oorval het, bly werk, skrywe en die grondslae help lê vir 'n nuwe wêreldorde.

En wie sê nie dat in die nuwe wêreld wat kom, nadat vulkaniese omkerings en winde van verandering ons dubbel swaar geteister het, ook ons 'n rol gaan speel deur getroue, toegewyde arbeid op hierdie tydperk soos Augustinus e.a. 1,600 jaar gelede nie? Dit kan gebeur ondanks die leuenpropaganda en geweld van anti-christelike magte.

HOOGS

ONVERANTWOORDELIK

Dit is daarom hoogs onverantwoordelik om in hierdie tydsgewrig moedeloos die hande slap te laat hang omdat geglo word dat alles verby is, om in vertwyfeling de koms van die Here af te wag asof ons reeds verslaan is. Dit kan 'n houding van sondige onverskilligheid ten gevolge hê, 'n houding deur en deur morbied en negatief, 'n houding van: „Laat ons eet en drink want môre sterf ons tog“. Die groot gevaar wat vir die Christen aan die deur van sy hart lê, is dat hy met so'n geestesgesteldheid, onaangeraak bly deur die dringende wekroep tot heiligmaking, tot die christelike daad, tot die hoogste offers, tot groter, toegewyde diens om Christus wil.

MEER AS OORWINNAARS!

Die Here kom! Laat ons daarby nie vergeet nie: Wagtyd is werktyd! Daar is geen plek vir twyfel, moedeloosheid, vir selfsug wat ander verslaaf

en teen hulle diskrimineer nie. Dit is óf met en vir Christus of teen Christus. Ons is of kaf of koring. Ons moet gewillig wees om met Hom te sterf, die hoogste offers te bring of anders staan ons afwysend teenoor die Kruis, wil ons die lewe behou en . . . sterf! Wie Hom wil volg, moet waak, werk, bid, homself as lewende offerande gee om nooit moeg te word nie.

Wie met Christus leef, met Hom ly en sterwe, sal met Hom lewe! Maar die sulkes kan ook, omdat hulle so sterk in die Here meer as oorwinnaars is, sing. Ons hef die hoof omhoog weer sterk deur Gods vermoë, Want God is ons 'n Skild, die Weerkrag van ons lewe (Ps. 89).

Hulle het aan hulle kant die magtige Here Jesus Christus wat gesê het: Ek leef, en julle sal lewe! Ja, ons is met Hom op pad na die Dag van die Here, na die nuwe wêreld. Salig is hy wat deur die Koning op sy oorwinningstog meegeneem word in sy heerlike diens. Weerstande, verdagmaking, vreesaanjaging, storms en dreigende moet die swoegende wedergebore mensdom verwag op pad na die Groot Dag. Met A. Walker wil ons die tye onderskei as volg:

“This is one of Gods spring-times. Rays of spring dawn are showing through the night sky. I do not believe this is late autumn of early winter in human affairs. Springtime can be a time of devastating floods as well as of fragrance and flowers” (The whole Gospel for the whole world bl. 22). Die somer kom!

• Continued from page 2

THE INCARNATION

If this be true, then the Church cannot confine her activities to the welfare of the souls of men, she must be vitally concerned about man in the totality of his existence. The Church denies the relevance of the Incarnation when her Mission neglects the social, economic and political life of the world.

Second, the Incarnation means the identification of God with man. Paul writes: “Christ was in ocent of sin, and yet for our sake God made him one with the sinfulness of men, so that in him we might be made one with the goodness of God himself.”¹) This is indeed a difficult text for all who attempt to interpret it, but it means at least that Paul is outlining the very ultimate degree of Christ's self-identification with us.²) In fact it was even possible for men to imagine that He was merely one of themselves and nothing more.³) The Incarnation shows us that God's method of redemption is not remotely connected with sinful man, but is a method that is utterly identified with sinful man. Only because He did completely identify Himself with us, can we become identified with His righteousness. Christ saves us not by standing aloof and giving us directions as to what we should do, but by entering so completely into our situation that He can bear our sins in His own body.⁴)

If this is God's method of redemption in Christ, the Church can adopt no other

method in her Mission. The Church must not be absorbed by the world, but at the same time she cannot stand aloof from the world and simply give the world directions. Rather, the Church must identify herself completely with the needs and sins of the world, prepared to lose her own life for the sake of Christ.

The Church is not “of” the world, it must never become “of” the world, but God will regard us guilty if we are not involved “in” the world. It is easy for the Church to stand on the touch-line and condemn the world, it is more difficult for the Church to be as her Lord who came not to condemn but to save. And this salvation implies identification, first of Christ with sinful men, and then of man with the righteousness of God through Christ.

Third, the Incarnation means the humility of God.

In this great passage in Philippians Paul expounds this theme: “For the divine nature was his from the first; yet he did not think to snatch at equality with God, but made himself nothing, assuming the nature of a slave. Bearing the human likeness, revealed in human shape, he humbled himself, and in obedience accepted even death — death on a cross. . . .”⁵) Jesus Christ had every right to assert His equality with God, but instead He made Himself nothing. He humbled Himself, He became obedient. If this is God's method in Christ, it is surely

God's will for His Church, as indeed she was instructed by Christ's own teaching.⁶)

And yet, it is just at this point that the Church so often seems far away from the Incarnation. The Church is tempted to snatch at equality with God, to try and make herself something, to assume the nature of master rather than slave. The method of God in the Incarnation calls the Church back to humility, obedience and sacrifice. If the Church is going to be obedient to the truth of the Incarnation, she can no longer assert her “rights and dignity”, but on the contrary she must demonstrate in her life the marks of Christ.

Could anything be more fatal for the Mission of the Church than the attempt by the Church to be something other than the servant of Christ and the world? This is the way of the Incarnation, and this way leads to the Cross.

Fourth, the Incarnation means the necessity of suffering.

In the above quoted passage from Philippians we are led from the Incarnation to the Cross, and further to the exaltation of Christ. Incarnation always meant the suffering of Christ. He was never only the servant of men, He was always the suffering servant. Here it is that the Incarnation become firmly related to the whole course of Christ's life, ministry and passion.

The point is this, that unless Christ was prepared to suffer, there would have been no Incarnation. And unless the Church is prepared to suffer in the service of Christ, she is being disobedient to Christ.

“When you have behaved

well and suffer for it, your fortitude is a fine thing in the sight of God. To that you were called, because Christ suffered on your behalf, and thereby left you an example; it is for you to follow in his steps.”⁷) Being the Church, being engaged in the Church's Mission, involves suffering.

In conclusion let us review what we have said above. In the ecumenical encounter Protestant theologians must be prepared to learn from other traditions, as indeed many have. The Eastern Orthodox theologians have made us aware of our lack of a really satisfying theology of the Incarnation. One way in which this can be remedied is by seeing the relationship between the Incarnation, the Church and Mission. Here we meet with the phrase “the extension of the Incarnation” which provides both problems as well as light. The phrase can mean that the Church is God's way of declaring His revealed Word in Christ to the world. But this activity of the Church, its Mission, must conform to the pattern of the actual Incarnation of Christ. That pattern involves first, the sanctification of the material; second, the identification of God with man; third, the humility of God; and fourth, the necessity of suffering. “In a word, as God's dear children, try to be like him, and live in love as Christ loved you, and gave himself up on your behalf as an offering and sacrifice whose fragrance is pleasing to God.”⁸)

1. “Christ and His Church” p 96
2. “Misunderstanding of the Church”, p 12.
3. “Christ, the Church His Body and its Members”, Essays in Christology for Karl Barth, p 222.
4. *ibid*, p 225.
5. “The Household of God” p 51
6. “The Church Today”, p 112.
7. I Corinthians 6. 19f.
8. Matthew 23. 21ff
9. A. G. Hebert “Liturgy and Society”, p 181.
10. II Corinthians 5. 21 NEB of Romans 8. 2; Gal. 1. 13.
11. See A. T. Hanson “The Church of the Servant” p 56f
12. Mark 8. 2.
13. F. Filson “Interpreters Bible” Vol 16 Exegetical Comment on II Corinthians 5. 21.
14. Philippians 2. 5ff NEB.
15. Matthew 5. 5; 18. 4; 23. 11f et al.
16. I Peter 2. 21 NEB.
17. Ephesians 5. 1 NEB.

HOW TO RENDER THE CHURCH INEFFECTIVE?

First Devil: I think we should prevent all Church meetings.

Second Devil: No harm in their meeting provided we can persuade them to go away without arriving at any decision.

Third Devil: Let them make decisions—that makes them happy, and does no harm so long as they feel that they have achieved something.

The Chairman: You are all on the wrong lines. Let them carry out their programme of work: we shall still win the day if at the end we can whisper in their heart the thought “What good chaps we are!”

1. page 13.
2. “The Person of Christ”, p42f
3. J. G. Davies; E. Mascall; A. G. Herbert and others.

SIENSWYSE VAN LESERS

VLOT EN VERKEERDE VEREENSELWIGINGE

Geagte Redaksie,

Polemiese het 'n neiging om te versuur. Hulle gespreks-trant versuur en hulle bedrywers versuur. Dit gebeur omdat die bedrywers mekaar en hul weersydse benadering wantrou.

Al sou dit ook 'n kragtvoerkos, wil ek die positiewe opset van Pro Veritate en my goeie trou teenoor Mnr. Heyl van Potgietersrust nie aan versuring blootstel nie. Die blad en ons gemeenskaplike geloof is daarvoor te kosbaar; ons tyd en die nood van ons tyd is daarvoor te dringend. Pro Veritate stel hom ten dienste van die bevordering van die eenheid van die Kerk van Jesus Christus soos Hy dit in sy Woord beveel. Ek wil die woord en weerwoord van ons debat daaronder betrek.

Uit die oorweging aanvaar ek Mnr. Heyl se versekering dat hy met „ek neem aan” eenvoudig bedoel „ek glo” — t.w. in die eerste van sy reeks stelling — dat God almagtig is en sy wêreldbestuur absoluut, doelmatig en goed. Ten aansien van die verdere „ek neem aan's” kan ek sy uitleg nie aanvaar nie — t.w. dat die indeling van die mensdom in rasse, stande en volke goed en ooreenkomstig Gods wil is. Ek aanvaar ook nie sy geloofsstelling dat God elke ras, stam en volk 'n aparte taak gegee het en die kragte om dit te volvoer nie. Ek aanvaar ook nie sy aanname dat elke mens (deur God) gestuur word tot diens van sy eie volk en ras in die eerste plek nie.

Hierdie laaste drie stelling kan nie voorwerp van geloof wees nie, want vir die Christen is die bron van geloof die geopenbaarde wil van God in sy Woord. En in die Skrif is daar geen enkele regverdiging vir so 'n geloofsbelofte nie... ook nie die Skrifgronde wat Mnr. Heyl wel meen om ten dienste daarvan aan te haal nie. Ek kom weldra hierop terug. Eers wil ek antwoord op 'n verdere, sy dit ook veronderstellende, „ons neem aan” van Mnr. Heyl in sy jongste artikel: „Laat ons aanneem dat prof. Geyser gelyk het en dat geen mens opgevoed mag word tot diens van sy eie volk in die eerste plek nie... ons mag mense (dan) alleen voorberei vir diens aan 'n vreemde volk, Eskimo's, Jode, Negers ens... maar onder geen omstandighede vir die eie volk nie...” Nou kan u my vorige antwoord aan Mnr. Heyl deurlees en u sal nie daar lees wat hy hier sê nie. Hy wend in feite die be-

kende debatstegniek aan van die radikale teenstelling. Gewoonlik bedien politici en mass-opewepers hul daarvan. Ons verantwoordelike Christene iemand sê iets is nie wit nie, antwoord sy opponent, „Dus sê jy dis swart!” Natuurlik moet dit nie doen nie. As word mense opgevoed tot diens, maar tot diens aan God in die eerste plek en in die tweede plek tot diens aan al sy kinders sonder onderskeid of hulle nou tot jou nasionale, sosiale of rassegroep behoort of nie.

Van dieselfde soort is Mnr. Heyl se verdere gevolgtrekking: Prof. Geyser huldig 'n rasse-ideologie van gelykstelling, internasionalsisme en bonasionalisme ten koste van die eie. U kan my vorige artikel gerus weer lees; nérens huldig ek hierdie beskouing nie, behalwe dat ek voortdurend nasprek wat die Skrif in Hnd. 15: 14 en op talle ander plekke leer, naamlik dat die Kerk en die Christendom Gods volk is wat Hy vir Hom uitkies uit al die nasies en dat hierdie nuwe Godsvolk, soos die eerste een wat God vir Hom uitverkies het, in gehoorsaamheid aan die gebod wat daar vir ons lê in die gebod van ons Here Jesus Christus, een, sigbaar een moet wees tot 'n getuie vir en van Christus voor die wêreld.

Ek kan ook Mnr. Heyl se al te vlotte vereenselwiging nie aanvaar nie. Hy spreek sy geloof uit dat soos Israel van die Ou Testament 'n sending gehad het, het ook ons nasie 'n sending. Hy spesifiseer nie Israel se sending nie en ook nie ons vermeende sending nie, maar hy sê dis Bybels. Dis egter opsigtelik nie Bybels nie. Waar staan dit in die Bybel dat ons Afrikanernasie of enige ander nasie in die plek van Israel nou Gods uitverkore volk is? En waar staan dit dat ons geroepe is met 'n opdrag soos dié van Israel van die Ou Testament? Weereens, sulke vlot en gemaklike vereenselwiging is dienlik vir politici en mass-opewepers, maar dit is nie dienlik vir die waarheid in die Kerk van Jesus Christus nie.

Deur gemaklike vereenselwiging lei Mnr. Heyl uit Jesus se aanvang van sy openbare prediking in Galiléa af dat Hy daarom liever gegaan het na sy „eie” mense. Netso reken hy, het Paulus, omdat hy in byna elke nuwe sentrum sy prediking begin het in die plaaslike sinagoge, voorkeur gegee het aan sy „eie”. Die verwarring van waardes ten gevolge van te vlotte vereen-

selwiging spring mens in die oog. Dis tog duidelik, elke mens is tydelik en ruimtelik gebonde; hy begin dus onontkombaar op 'n bepaalde tyd en plek. Dis 'n fisieke oorsaak daarvoor dat Jesus begin preek in Galiléa, hoewel Hy weet dat 'n profeet nie ge-er is in sy eie vaderstad nie. Die fisieke gebondenheid het egter niks te doen met voorkeure of gemis aan voorkeure nie. Joh. 1 : 9-12 stel dit oorduidelik ten aansien van Jesus Christus: Hy het nie, hoewel Hy Jood was, na die Joodse nasie gekom nie, maar Hy het na sy eiendom, en dit is die wêreld, gekom. Gal. 2 : 8-10 vertel van die aanvang van Paulus se diens, sy apostolaat. Daarvolgens gaan hy wat Jood is, nie na sy „eie” mense nie, maar direk na die heidene, dit is die nie-Jode. Dat hy in die heidense lande waar moontlik eers by die plaaslike sinagoge begin het, getuig nie van 'n godgewilde voorkeur vir sy eie nie, maar bloot van sy goeie sendingstrategie. Hy weet dat hy die beste kans het om bekeerlinge te maak uit die sogenaamde „godvrosende”. Dit is heidene wat hul nie tot die Jodendom bekeer het nie, maar wat wel die lering van die Skrif aanvaar en die sinagogediensate bywoon.

In kerklike gesprekke is gemaklike vereenselwiging gewoonlik die gevolg van oppervlakkige Skrifuitleg. Die skool wat apartheid skriftuurlik wou onderlê, swyg teenswoordig, en gelukkig ook, Mnr. Heyl haal 'n hele reeks bykomstige tekste aan vir sy verdediging van die stelling, voorkeur-vir-die-eie. Die artikel sal onbillik lank word as ek op almal antwoord. Ek behandel daarom net die eerste van die reeks, Rom. 1 : 16, om die gemis aan diepte-gang in sy uitleg te illustreer. Die betrokke vers sê dat die Evangelie 'n krag is van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. As hier sprake is van voorkeur-vir-die-eie, soos Mnr. Heyl wil, dan kom in aanmerking as sodanige voorkeurgewer-aan-sy-eie, een van drie: óf God (die Evangelie is tog Gods krag), óf Christus (dis immers die Evangelie van Jesus Christus), óf Paulus (hy skryf die brief). En die eie waaraan in hierdie geval die voorkeur gegee sou word, is dan die Jood. Mnr. Heyl se uitleg werk nie uit nie want God wat die voorkeur gee aan sy „eie” is nie 'n Jood nie. Rom. 4 : 29 antwoord buitendien op hierdie moontlikheid afdoende. Christus kan nie die vermeende voorkeur aan die

eie gee nie, want daar staan in die twee hoofstukke wat spesifiek oor hierdie probleem handel, Rom. 9 en 10 o.a. „Daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.” Ook Paulus, die Joodse skrywer van die brief, kan nie hiermee bedoel 'n voorkeur vir die eie nie, want in Rom. 1 : 5 sê hy, soos op talle ander plekke, dat God hom sy apostolaat gegee het juis onder en juis ten dienste van die nie-Jode!

Skrifuitleg eis dat mens die Skrif uitleg deur die Skrif. Om minstens te bepaal wat „eerste vir die Jood” nie beteken nie, moet mens vir dieselfde uitdrukking elders in die Skrif soek. En jy kry hom ook, sommer digby Rom. 1 : 16, en wel in Rom. 2 : 9: „verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaaddoen, oor die Jood eerste, en ook oor die Griek”. Diens-in-die-eerste-plek-aan-die-eie kan geen mens hieruit distilleer nie. Wat die „eerste” hier en in Hnd. 13 : 46 (deur Mnr. Heyl aangehaal) wêl beteken, sien mens uit Rom. 3 : 2, die voordeel van die Jood is nie 'n voorkeur-vir-die-eie nie, maar 'n tydaanvoordeel: Die Woord van God is eerste aan hulle toevertrou. In Rom. 3 : 9 antwoord Paulus op die vraag of hulle dan nie die voordeel van die voorkeur vir die eie geniet nie. „Het ons (te wete die Jode) enige voorrang? Hoogenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is...”

Ek huldig nie 'n ideologie van gelykmaking nie. Ek verstaan maar net uit Gods Woord dat God vir almal gelyk alles moet wees, dat Hy ons almal, gelyk onder die sonde en aan die dood onderworpe, deur Christus gelyklik verlos.

Ek huldig nie 'n internasionalsisme nie. Ek glo egter soos daar geskrywe staan dat God vir Hom 'n volk uit al die nasies versamel. In die raamwerk van daardie volk wat God vir Hom uitgekies het, is daar nie nasionale, sosiale en rasse-voorkeure nie. God is nie 'n aannemer van die persoon nie, Griek of Jood, slaaf of vryman in Christus is daar nie meer of Scith of barbaar nie; sy apostel het, volgens sy eie uitspraak in I Kor. 9 : 20 vv., vir die Jood 'n Jood, vir die Griek 'n Griek, vir die swakke 'n swakke geword om Christus ontwil.

Eindelik, die eie-eerste veronderstel skeidings, die skeidings van die voorkeur en die ekeur. Die Jood, Paulus, skryf aan die Griek en die Jood in Efese, „Want Hy (Christus) is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skelding afgebreek het...”

Albert Geyser.

Sienswyse van lesers

EKUMENISITEIT

Geagte Redaksie,

In die artikel van Prof. B. B. Keet in Pro Veritate van 15 Oktober 1962 word gehandel oor die Wêreldraad van Kerke.

As ek die uiteensetting lees, sou ek tot die gedagte moet kom dat ek as skrifgeleewige geen bedenkinge teen die Wêreldraad van Kerke behoef te hê nie.

Die Wêreldraad is geen kerk nie, maar slegs die ontmoetingsplek van kerke wat in gesprek met mekaar is en wat Jesus Christus as Heer en Verlosser erken, sê Prof. Keet.

Maar is dit nou werklik ter bevordering van die artikel in ons algemene Christelik geloof „Ek glo aan die Heilige, Algemene Christelike Kerk”. Christelike Kerk is 'n vergadering van gelowiges wat almal waarlik in Christus as fondament glo.

Dat hulle hul saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy Bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk wat sy vergader-plekke oor die hele wêreld het, het een basis, een fondament. Dit is nie 'n onsigbare maar 'n sigbare kerk. Tot sover klop dit nog wel met die voorwaardes tot lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke. Maar ons het in ons geloofsbelofte ook nog artikel 28 wat sê, dat elkeen skuldig is om hom by die Ware Kerk te voeg.

Aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van die wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie, glo ons dat niemand hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie. Maar hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig: om die eenheid van die Kerk te bewaar. Om hulself te onderwerp aan sy leer en tug. Hulle nek te bring onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het. En om dit des beter te kan onderhou, is dit die amp van alle gelowiges, volgens die Woord van God, om hulle af te skei van diegene wat nie tot die Kerk behoort nie, en hulle te voeg by hierdie vergadering, op watter plek God dit ook al gevestig het ens. Daarom handel almal wat hulle van die ware kerk afskei of daarby nie aansluit nie teen die ordinasie van God. Dan lees ons die vervolg in artikel 29: Ons glo dat met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word wat

• Vervolg op bladsy 8

DIE GOEIE BOODSKAP

Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring: wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat vir Sion sê: Jou God is Koning!

Jesaja 52 : 7.



• Vervolg van bladsy 7

die ware Kerk is ens. Nou kry ons die basis vir die grote eenheid. Die eenheid wat waaragtig is is die eenheid wat Christus bedoel. Die merktekens om die ware kerk te ken is die volgende: As die kerk die suiwer prediking van die Evangelie uitoefen, as dit die suiwer bediening van die Sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het, as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf. Kort gesê, as almal hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteenstry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof.

En nou is ek bevrees dat aan hierdie merktekens in die Wêreldraad van Kerke nie voldoen word nie. Soek die Wêreldraad dan nie meer 'n Ekumene na die mens as na die Ekumene soos deur Christus ingestel nie?

Sou dit moontlik wees dat Prof. Keet oor hierdie belangrike kwessie nog meer toelichting gee?

Baie dankie,
Benoni. Rein Sterkenburg.

Ons het die inhoud van ons korrespondent se brief aan Prof. Keet voorgelê, sodat die antwoord van Prof. Keet hierby gaan.

Prof. Keet antwoord

Geagte Redaksie,
Die vraag wat deur die geagte korrespondent gestel word, is van belang insover dit die onderwerp van jarelange diskussie onder Gereformeerdes in Nederland gevorm het, 'n diskussie wat nog voortduur, veral in verband met die kwessie van die pluriformiteit van die kerk. Daarom kan ek hier slegs enkele punte aantip — 'n volledige antwoord sou nog 'n artikel vereis.

1) Byna algemeen word toegestem dat artikels XXVII en XXVIII van die Nederlandse Geloofsbelofte nie op twee kerke, die een onsigbaar en die ander sigbaar, sien nie, maar die een kerk van Christus aandul, na sy innerlike, geestelike wese en na sy uiterlike verskyning, m.a.w. daar is geen skeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk nie, net 'n onderskeiding. Die ware, geestelike wese van die Kerk moet in sy verskyning tot openbaring kom; alles wat met die wese in stryd is d.w.s. nie uit Christus-gelowiges saamgestel is nie, is geen Christelike Kerk nie.

2) Vandaar dat daarbuite geen saligheid is nie. Hulle is die liggaam waarvan Christus die Hoof is, en daarbuite is geen verlossing nie. Vandaar ook dat niemand hom daaraan

mag onttrek nie, d.w.s. nie doen asof Hy as gelowige in isolasie kan leef nie maar die gemeenskap van die heiliges moet beoefen.

3) Die geestelike eenheid van die gelowiges bestaan dus reeds, maar moet ook gesien word in die werklike lewe so wel as in die formasie wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord tot stand bring.

4) As onsigbare en sigbare Kerk mekaar volkome dek, sou daar geen meervoud van kerke wees nie, maar net een kerk. Terwyl dit egter, in ons sondige bestaan nie die geval is nie, glo ons wel aan 'n algemene, Christelike Kerk maar sien 'n pluraliteit van kerke wat konstant in stryd kom met die wesenlike eenheid van die kerk in Christus, en ons tot voortgaande verootmoediging en inkeer roep.

5) Dit is dan ook m.i. nie die doel wat die Wêreldraad hom stel nie om, al is dit in gebrekkige vorm, aan die wesenlike eenheid uitdrukking te gee deur 'n gespreksgemeenskap wat van elke kerk geen verloëning van sy eie karakter (belydenis, kerkregering ens.) eis nie maar dit verwelkom as 'n moontlike bydrae tot sulweder formulering van die waarheid in Christus. Só alleen kan 'n vrugbare gesprek gevoer word en van ons (Gereformeerde) kant meegewerk word

tot die doel.

6) Die feit dat die kerke nie op dieselfde belydenisgrond staan, dieselfde kerkregering toepas of dieselfde liturgie gebruik nie, kan wel verhinder dat hulle in sinodale verband saamkom, maar is geen onoordeelmatige beswaar teen same-spreking nie. Wel kan dit verhinder dat hulle 'n eie belydenis opstel en onderskrywing daarvan eis; dan sou die Wêreldraad 'n super-kerk wees.

7) Om kort te gaan, daar is verskillende grade van verband tussen kerke. Sinodale verband bv. vereis baie noue ooreenstemming van belydenis, kerkregering en liturgie. Ons geloofsbelofte beskryf wat ons as die kragtigste institutêre verband en as die suiwerste benadering tot die innerlike wese van die kerk beskou. Waarby nog altyd in gedagte gehou moet word dat ons nie so volmaak is dat ons nie van ander kerke kan leer nie.

8) Die gemeenskap in die Wêreldraad staan dus enigsin anders as in die afsonderlike kerke, hoewel die poging wat gedoen word om soveel moontlik 'n einde te maak aan die vyandige geskiedenis wat die praktyk van die Christelike gemeenskap ontstier, allesina prysenswaardig is.

B. B. KEET.

Triomf van genade in die Kongo

Sendelinge spreek van 'n wonderwerk wat in die Kongo gebeur het, rapporteer *The British Weekly* van 21 Junie 1962. Kerkleiers van stamme wat sedert 1959 teen mekaar oorlog voer, het onlangs vriendskaplik ontmoet. Dit was by geleentheid van 'n Sinodesitting van die Presbiteriaanse Kerk in Boelape in die hartjie van die Kasal-provinsie. Eers was die argwaan en spanning voelbaar en uitbarstings het nie uitgebluy nie. Daar was ook moeilike vraagstukke om te behandel. Verskeie klein stamme wou hul eie Ringe hê. Een groot stam wou sy eie Sinode hê. Daar was politieke moeilikhede en die verhoudinge van sending en inheemse kerk het die spanning vergroot. En tog is ten slotte ingrypende besluite geneem in verband met administratiewe verbeteringe en die aanstelling van 'n kommissie om in te gaan op die vraag of die stigting van 'n Algemene Sinode wenslik is.

Die hoogtepunt van die vergadering is bereik toe op 'n middagsitting na die goedkeuring van die notule een na die ander van die Kongolese afvaardiging opgestaan het en sowel die sondes van hul bepaalde stam as hul eie persoonlike sondes bely het. Die Heilige Gees was kennelik in die vergadering teenwoordig. „Wat ons maande lank tevergeefs tot stand probeer bring het, het die Heilige Gees in enkele minute volbring. Ons het die vergadering met 'n Nagmaalsviering gesluit waarby 'n Loeleoa, 'n Mokete en 'n Moeloeba die leiding geneem het. Toe ons buite kom, kon mens 'n Moeloeba nie van 'n Moeloeba, Loeleoa of Mokete onderskei nie. Hulle het almal deurmekaar staan en lag en praat. Die versoening was 'n voldonge feit." Toe die afgevaardigdes tuis gekom het, het die werk van versoening van dorp tot dorp voortgegaan. Dit was wonderlik om te sien hoe mense van verskillende stamverband mekaar groot. Verlede April (1961) was hulle nog besig om teen mekaar oorlog te maak, dorpe te verbrand, mense dood te maak. Nou werk hulle saam in één Ring. 'n Wonderwerk is hier in Loelebo verrig."

„Inter Nos"
Nov. 1962.

Die selfmoord van 'n Nasie

Geagte Redaksie,

Omtrent 20 jaar gelede het in die familiebiblioteek, uitgaaf HAUM boekhandel, Kaapstad 'n boek verskyn onder bostaande titel, en geskrewe deur die bekende Vrystaatse predikant ds. J. W. Van Ryssen en wyle Prof. B. J. De Klerk en ds. J. H. Kruger, waarin hulle die geboortebepaling, sy oorsake en gevolge behandel van 'n ekonomiese, statistiese en godsdiensige standpunt. Hierdie saak is tans nog net so aktueel, gesien die ontvolking van so baie plase in die Karroo en andere dele van ons land, waar verarmde boere hul grond verkoop om in die groot stede 'n beter bestaan vir hulle en hul kinders te soek. Voorts deur die teenwoordig gehuldigde opvatting van kinderbepaling: gesinne van twee of drie kinders is mode, en gee die ouers geleentheid tot vermaak buitenshuis, en laat die sorg van hulle kinders aan naturelebediendes oor. Daarteenoor staan, dat by die naturele daar geen kinderbepaling bestaan nie, en naturele meer en meer die oopgelate plek van boere wat weggetrek het inneem. Die plase self het dan in besit gekom van spekulante of kapitaliste uit die stede, wat geen belang stel in die ontwikkeling van die land nie, en dus die bewerking aan die naturele oorlaat.

Dit is 'n bedenklige toestand. Die naturele kry langamerhand meer invloed, en sal later eis om die land, waarop hulle woon, te besit en die begeerte om politieke mag te besit.

Stel daar teenoor die stoer ou voortrekkers met hulle groot gesinne, waarin die moeder haar verhewe taak kon uitoefen om haar kinders groot te maak en haar manne in hul swaar taak te inspireer. Die swaar stryd om te bestaan het hulle gehard vir die lewe, waarin hulle steeds op die Voorsienigheid en bystand van die Here vertrou het. Dit is wel merkwaardig, dat baie van ons vernane voormanne uit groot gesinne voortgekom het.

Die vaste geloof aan die versoening deur die bloed van Christus, die oortuiging, dat ons hier op aarde 'n taak te vervul het, gee stukrag, hoop en verwagting. Daarby die goddelike gebod: „Wees vrugbaar en vermenigvuldig en vervul die aarde."

Maar dit is te betreur dat die vaste beginsels, waarop ons Suid-Afrikaanse Christelike maatskappy gebou is, teenwoordig dikwels so skromelik verontagsaam word.

Die huwelik word nie meer as 'n goddelike instelling beskou nie, maar as 'n menslike kontrak, wat te eniger tyd verbreek kan word. Die hoogste ideaal is lewensgenot en gemak, kinders word aan bediendes oorgelaat, en groei op tot cendsterte. Volgens die moderne beskouing van die sewende gebod is egbreuk nie sonde nie ten gevolge van die verderflike invloed van die bioskoop, waarin vrye liefde, egbreuk en ander ondugte verheerlik word. Na die Goddelike gesag, waarop die verhouding van man en vrou gebaseer is, word nie meer gevra nie. Daar deur word die huisgesin met sy geseënde invloed verwoes.

Die fatale gevolge van die kinderbepaling kan ons in die geskiedenis sien.

Die eens so magtige Romeinse ryk met sy dapper generaals en manskappe, wat die hele wêreld verower het, het ten gronde gegaan, toe daar nie meer manne was om die bestuur van die verowerde lande voort te set nie. Rome is in sy veroweringsloop gestuit deur 'n siekte, waarteen hy magteloos was, nl. onvrugbaarheid, die leë wieg.

Griekeland het te gronde gegaan, toe die inwoners hulle oorgegee het aan weelde en gemak, nie meer wou trou nie en daar geen kinders was om die werk van hulle ouers voort te set nie: die leë wieg.

Daar bestaan groot gevaar, dat die blankes in ons land, wat die minderheid vorm, deur die oorwig van die naturele uit-

oorlê sal word. In Wes-Europa, Frankryk en Engeland bestaan die bedreiging van 'n veel talryker Russiese ryk.

Nederland, die digbevolkte land van Europa, loën die stelling van Maltus, dat beperking van die bevolking noodsaaklik is om voedselgebrek weens oorbevolking te voorkom. In dié land met sy elfmiljoen inwoners heers geen werkloosheid nie, daar is volop werk en kos vir elkeen.

In die Rooms-Katolieke kerk in Nederland, wat die priesters verbied om te trou, word die huwelik van die leke aangemoedig en Roomse gesinne in oorweënd Protestantse provinsies geplaas met die gevolg, dat die Roomse kerk tans die grootste invloed op politieke terrein het. Egskeiding word deur die kerk nie toegelaat nie.

In dié opsig is die Roomse Kerk vir ons 'n beskamende voorbeeld. Tengevolge van die ekonomiese vooruitgang van ons land stroom baie nuwe intrekke uit alle lande van Europa ons land binne en verlang burgerregte. Hulle behoort tot verskillende kerke en het miskien 'n geheel ander lewensopvatting as waarin ons opgevoed is.

En hier het ons as Calviniste 'n besondere roeping, nl. om 'n talryke gesin op te bou, steeds ons belydenis hoog te hou en ons kinders in gehoorsaamheid van die Woord van God op te voed, sodat ons ons posisie steeds kan bly handhaaf en geen nasionale selfmoord pleeg nie.

W. Hovy.

BOEKE ONTVANG

Vrede op Aarde deur prof. P. A. Verhoef en ds. I. D. Kruger — Uitgawe „Die Evangelis", Posbus 371, Potchefstroom. Prys R2.20 (posvry).

'n Resensie oor hierdie preekbundel verskyn in ons Januarie-uitgawe.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oleniaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.

NEWS OF CHURCHES

BOEGNER CITES THREE OBSTACLES TO CATHOLIC-PROTESTANT UNITY

The hope that the forthcoming Vatican Council would examine the main obstacles which divide Protestants and Roman Catholics was expressed by Pastor Marc Boegner, a former president of the W.C.C. and the French Protestant Federation, when he spoke recently at a mass meeting in Paris.

Pastor Boegner cited three doctrines which obstruct the road to Christian unity: (1) The infallibility of the Pope; (2) The relative authority of Scripture and tradition; and (3) The cult of Mary, for Protestants cannot accept the dogmas of the Immaculate Conception, the Assumption, and certain forms which popular veneration of the Virgin takes.

Pastor Boegner urged all Christians to pray for the ecumenical efforts of the Roman Catholic Church. He stressed the dangers of excessive haste and premature enthusiasm but affirmed that "what unites Catholic and Protestants is much more important than what divides them".

W.C.C. LEADER SAYS CHURCH MUST FACE CHALLENGE OF SYNCRETISM

(St. Paul, Minn) — The general secretary of the World Council of Churches warned here that the Christian Church must take more seriously the challenge of world-wide syncretism.

By syncretism, Dr. W. A. Visser 't Hooft explained he meant the view that there is no unique revelation in history and that it is necessary to harmonize much as possible all religious ideas and experiences so as to create one universal religion for mankind.

If Christians fail to oppose attempts to mix the different religions and to seek a common religious front, they may find themselves before long "exceedingly rich in religion and exceedingly poor in real Christianity", he said.

PRO VERITATE

Verskyn die 15de van elke maand, maand.

Korrespondensie en Administrasie:
Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Postbus 487, Johannesburg.
P.O. Box 487, Johannesburg.

Redaksie:
Dr. P. G. Geertsema,
Prof. dr. J. C. G. Kotzé,
Dl. E. E. Mahabane,
R. Orr,
Prof. dr. A. van Selms en
ds. J. W. Wessels.

Eindredakteur:
Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:
Republiek van Suid-Afrika, S.V.A., die Rhodesië en Protektoraat; R2 per jaar vooruitbetaalbaar.
Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate" (Edms.) Beperk.